Oggenddiens
2 Augustus 2009

Lees: Luk. 17: 1-10
Teks: Luk. 17: 6
Sing: 1. Ps. 105: 1 en 2
2. Ps. 31: 2 (TT) en 17 (T)
3. Ps. 1: 1 (T) en 2 (TT)
4. Ps. 119: 18 (TT)
5. Sb. 7-2: 1 en 2

'n Mens hoor nogal dikwels hoe Christene – veral as dit swaar gaan – die opmerking maak van *ek wens net my geloof was sterker* of *ek wens ek het meer geloof gehad.* Dit klink baie edel, nie waar nie geliefdes, en ek aanvaar dit word werklik opreg bedoel. Die apostels wat in teenwoordigheid van Jesus leef en sien hoe Hy die een wonderwerk na die ander doen, kom ook by die punt om te vra: **Here, gee ons tog meer geloof!**

- Hoekom hulle dit gevra het, is onduidelik. Dit mag wees dat hulle graag met meer geloof Jesus wou navolg in die doen van wonders. Of dat hulle met meer geloof makliker dinge wat Jesus geleer het sou kon verstaan en inneem. Alles bly bespiegelinge, maar by hulle het wel 'n behoefte om meer geloof geleef.

In die antwoord van Jesus op hierdie versoek, kom 'n paar interessante gedagtes na vore. ***En let op: Jesus antwoord hulle eintlik op 'n heel onverwagse manier en voldoen op die end nie aan hulle versoek nie.***

- Wat Jesus wel doen, is om hulle en alle gelowiges van alle tye, anders na die saak van BAIE en MIN geloof te laat kyk. Daarmee saam ook anders te laat dink oor STERK en SWAK in geloof wees.

Die belangrikste wat na vore kom, liewe gemeente: *geloof so klein en min en gering as die grootte van 'n mosterdsaad, is reeds meer as genoeg om wonderlike dinge te laat gebeur.* ***Eintlik moet ons sê: so klein geloof is al genoeg om opspraakwekkende dinge deur mense na vore te laat kom.***

- Dadelik sit ons met die troos: die grootte van ons geloof bepaal nie hoe en of ons die swaar en onmoontlike van die lewe sal kan hanteer nie. Net 'n mosterdsaad grootte geloof, stel ons in staat om die menslik gesproke buitengewone te kan vermag.

En laat ons dit goed besef: so klein geloof, as dit maar opreg en suiwer is, is nie sluimerend of staties nie. Soos die geval is met die klein mosterdsaadjie wat in die grond geplant word en ontwikkel tot 'n groot en duidelik sigbare boom, so is dit ook met geloof.

- Geloof het inherent die potensiaal om geweldig te groei en ontwikkel. En soos die geplante saadjie aanvanklik onsigbaar is, is dit met geloof ook die geval. Dit kan so ontwikkel en groei sodat dit wat geloof na vore bring, nie anders kan as om raak gesien te word nie.

Nou is dit egter belangrik: ***hoewel jou geloof jouself tot groot voordeel strek, mag geloof nie gesoek of nagejaag word net ter wille van jouself nie.*** *Dit mag nie iets word waarmee jou jouself wil bemark in die lewe nie.* **Dit mag nie iets word wat uit selfsug groei vir selfsugtige motiewe nie.** Dit moet gesoek en uitgebou word sodat die eer van God meer en meer gedien

kan word en sodat dit tot voordeel van jou lig en sout wees in die wêreld aangewend kan word. Dit moet daarom ook ten doel hê, liewe lidmate, dat my vertroue in God sterker sal uitstaan. *Hierdie vertroue sal meewerk dat ek enige vorm van frustrasie, moedeloosheid en twyfel – waardeur die lig van God uitgedoof word of bevraagteken kan word – teëgewerk kan word.*

Een vraag wat dalk nou gevra kan word en dit omdat bepaalde geloofsgroepe propageer dat as jou geloof sterk genoeg is, jy nie siek sal word nie en jy aardse rykdom sal beleef, is die vraag: **waarborg die geloof dat ek terugslae in die lewe gaan vryspring?** Dan is die antwoord daarop nee, en die geskiedenis van hoe baie Christene 'n marteldood gesterf het, in tronke beland het oor hulle geloof en noem maar op, is daarvan die bewys.

- Wat geloof wel doen, is dat dit ons die vermoë gee om sulke terugslae met die regte perspektief te laat benader en te kan hanteer en oorwin. *Om soos Paulus ons kruis met blymoedigheid te kan dra – al is dit soos in sy geval, vir 37 jaar.* **Geloof gee die vermoë om vir die vyand te bid terwyl hulle jou benadeel soos in die geval met Stefanus. *Geloof gee jou die vermoë om soos 'n oorwinnaar te leef en reageer al dink die wêreld dit is klaar met jou.***

Hoeveel geloof is daarvoor nodig? **Die geloof van die grootte van 'n mosterdsaadjie!** Geloof wat gekoester en uitgebou word deur jou meer en meer onder leiding van die heilige Gees met die Woord te voed. Dit is immers kennis wat saam met vertroue, die geloof in plek hou, uitbou en versterk.

So kom ons agter, liewe gemeente, dat in Jesus se reaksie nie net die potensiaal van geloof as antwoord gegee word nie, maar ook die groei vermoë van geloof uitgewys word as dit reg hanteer en gevoed word. ***Daarmee saam word die reikwydte en voordeel van geloof, al is dit maar so klein soos 'n mosterdsaadjie, deur Jesus uitgelig.***

- Die voordeel van geloof, dit is die gedagte, is onbeperk en ken geen grense nie.

Maar helaas, 'n geplante mosterdsaadjie kan ook doodgaan. As dit nie die regte voeding en water ontvang soos dit moet nie, kan dit dalk begin ontkiem, maar ook weer doodgaan. Dit moet die regte aandag kry.

- Geloof kan ook sterf en agteruitgaan as dit nie geoefen en beoefen word nie. As dit nie biddend en terwyl die Woord bestudeer word, gevoed word nie. ***Dan lê die probleem nie in die geloof self nie, maar in die persoon in wie God deur sy Gees die geloof geplant het!***

Nog 'n gevaar ten opsigte van geloof, is dat dit kan stagneer. As 'n saadjie iewers neergelê word, kan dit beslis nie ontkiem nie. Dit gaan nie verder ontwikkel of uitgebou word nie. En as dit te lank lê, kan dit selfs in geheel tot niet gaan.

- ***Jy hoor wat met geloof wat nie geoefen word en gebruik word nie, kan gebeur?!*** Geloof is 'n gawe wat my en jou regte en biddende aandag nodig het. Geloof moet gebruik word – reg gebruik word en die resultate nie sal nie uitbly nie, liewe lidmate.

Nou meer na die praktiese sy van geloof toe. Gaan ek regtig 'n boom kan verplant as ek so klein bietjie geloof het? As Jesus so sê, moet ons aanvaar dat dit wel kan. Die vraag is: ***hoekom sal ek dit wil en wie gaan daardeur bevoordeel word?***

- Daarom kom ek terug by die een belangrike saak: **geloof is 'n sterk krag wat in stilte werk**. *Dit is nie bedoel om opspraakwekkend te wees en mense op die voorgrond te stel nie. Daarom dat Jesus dikwels na 'n wonderwerk die mense gevra het om Hom nie op die voorgrond te plaas nie, maar stil te bly oor Wie die wonder verrig het. HY WOU DIE FOKUS OP SY VADER IN DIE HEMEL HOU!*

Een onsigbare krag wat geloof het, is die vermoë wat dit ons gee om dinge te aanvaar en verwerk. *Die dood van 'n geliefde.* **'n Groot finansiële terugslag.** *Liggaamlik marteling – soos die 300 honderd jaar na Christus deur duisende Christene bewys is.* **'n Ernstige siekbed.** En noem maar op.

- **Hoe iemand dit sonder geloof moet oorkom en deurstaan, dit weet ek nie.** Wat ek wel weet en in die bediening gesien en beleef het: lidmate wat die dinge hanteer en deurstaan en oorkom, laat my die wonder van geloof verstaan. En dit veel meer as wanneer iemand 'n boom sou verplant.

Want krisisse wat gewone mense soos jy en ek al moes deurstaan en tans moet oorkom, is menslik nie maklik nie. *Alles gaan nie maklik in plek val nie.* **Alles gaan nie gebeur soos ons wens en voor bid nie.** Maar as ons geloof reg geanker is – en al is dit maar so groot soos 'n mosterdsaadjie – sal ons alles kan hanteer, liewe gemeente.

Daarby laat geloof ons ook besef: geen taak wat God in sy Woord aan ons opgedra het, is onmoontlik om te hanteer en die regte aandag aan te gee nie. Geloof laat ons dinge doen, sonder dat ons dikwels verstaan hoekom ons dit moet doen of waar dit ons gaan laat eindig.

- Dit kan, want geloof laat ons in vertrouende kontak met God Drie-Enig bly. Laat ons bly besef ons is van Hom afhanklik, maar ook weet: in alles sal sy krag genoeg wees.
- ***Geloof gee ons die perspektief om te weet: my vermoë om dinge te moet deurstaan, lê nie in my beperkte vermoë nie, maar in God se liefdevolle en beskikbare alvermoë.***
- Daarby weet ek nou uit Jesus se antwoord op die versoek van meer geloof: dit wat ek moet hanteer en doen in die lewe, hang nie af van hoe groot my geloof is nie, maar dat die geloof opreg en suiwer moet wees. Bedoel is om God reg te ken en dien en aan te wend uit liefde vir my naaste en tot voordeel van sy koninkryk.
- **Geloof maak dat ek vol hoop is, al het alle mense rondom my alle hoop verloor, want ek kyk op en sien Jesus as die Oorwinnaar en ek weet ek deel in die oorwinning.** ***Geloof maak dat ek in alles vol liefde bly, want ek weet ondanks my sonde bly God my Vader vol liefde vir my en sal my nooit wegstoot as ek tot Hom nader nie.*** Geloof maak dat ek nie sug wanneer ek dink aan eredienste, tiendes gee, gebruik van my gawes en tyd in sy Kerk en diens nie, want geloof

laat my onthou wat Jesus en so sy en my Vader alles vir my gedoen en opgeoffer het!

Geliefde, laat jou geloof elke moerbeiboom wat in jou lewe staan en jou suiwer uitsig op die lewe belemmer, verwyder. En bid dat die Heilige Gees so in jou sal werk dat die onsigbare werking van jou geloof, so sigbaar sal word in jou doen en late, dat die mense wat met jou saamleef en jou sien, nie anders kan as om God te verheerlik nie.

Amen.
Ds Piet Fanoy